GEMEENTENUUS
1 Oktober 2023

Vandag in die Gemeente

Sin. Deurkollekte: Bediening aan die Jode
Biddag vir Bejaardes

09:00 **Erediens: Jongensfontein**
Ds Maans van Lill

10:15 **Erediens: Kerk**
Ds Francois Taljaard

10:15 **Erediens: Huis Stilbaai**
Ds. Schalk Kotzé

Volgende week

Sin. Deurkollekte: Hospitaalbearbeiding

10:15 **Lofprysingsfeesdiens: Kerk**
Ds. Vian Louw & ds Francois Taljaard

ALPHA KURSUS

Die tema vir hierdie week is:

"Hoekom en waarom bid ons?"

Vir enige verdere navrae skakel gerus vir ds. Francois Taljaard by 061 460 6404 of Jacques du Plessis by 072 460 9951 skakel.

LERAARS: SPREEKKAMER

Ds. Francois Taljaard sal hierdie week aan diens wees by die spreekkamer. Indien u 'n afspraak wil maak, skakel gerus die Kerkkantoor by 028) 754-1705.

KERKKOOR

Die kerkkoor oefen elke Maandagmiddag om 17:00 in die kerk. Ons nooi nuwe koorlede uit om te kom aansluit.

Sinodale Deurkollekte: Bediening aan die Jode

Bid asb. vir Jeanie de Wet wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias reeds gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit deur middel van 'n EFT of Snapscan doen. Koeverte kan ook in die posbus by die Kerkkantoor geplaas word.
Merk asb. u bydrae:
Bediening aan die Jode

LEEF LOGOS

Hierdie Woordskool word onder leiding van ds. Francois Taljaard op Woensdae om 17:30 - 18:30 by die kerk aangebied. Indien u hierby wil inskakel, kontak gerus vir ds.Francois by 061 460-6404 vir meer inligting.

KERKKANTOOR

Neem asb. kennis dat die Kerkkantoor elke ***Dinsdagoggend vanaf 08:00 - 09:00*** gesluit sal wees vir 'n vergadering met die leraars.

ARBEIDSBEDIENING

Arbeidsbediening, ook bekend as Nywerheidsbediening, bedien die Woord in enige besigheid, soos ooreengekom met werkgewers.Tyd word met werkgewers ooreengekom, gewoonlik vóór werk, of ons het enkele gevalle waar dit in hul etensuur plaasvind. Die tydsduur is 10 - 15 minute. Geen werknemer is verplig om dit by te woon nie, dus is dit vrywillig en interkerklik. Ons bereik tans bykans 150 persone per week. Dit is hul enigste kontak met die Woord.

Ons vra:

- *Bid asb. vir die werk wat ons doen.*
- *Werkgewers / vrywilligers wat wil inskakel, kontak ons gerus.*
- Moenie twyfel, die Heilige Gees lei ons, skakel asb. in.

Vir meer inligting kontak asb. vir Christo Prins by 083 631 2879

JUNIOR - KAMP

Ons sien só uit na die kamp wat weer die naweek van 20 - 22 Oktober 2023 by Jongensfontein gaan plaasvind. Bespreek so vinnig as jy kan jou kind se plek, want ons het verlede jaar gesien hoe vinnig dit vol raak. Daar sal ook 'n "Google Doc" op Whatsapp die rondte doen. Skryf gerus in en onthou ouers is ook baie welkom om saam te kamp. Die kostes is **R150.00 per persoon** en sluit verblyf en kos in.

Vir enige verdere navrae skakel vir ds. Vian Louw by 074 131 7967

DAGBOEKE VAN LERAARS

Ons leraars se dagboeke word deur die kerkkantoor bestuur. Indien u 'n besoek deur 'n leraar benodig of weet van iemand wat nodig het dat die leraar hulle moet besoek, skakel gerus vir Tersia by die kerkkantoor om 'n afspraak te reël.

KERK WHATSAPP

Ons Kerkkantoor het 'n selfoon, wat spesifiek gebruik gaan word om kommunikasie (afkondigings, inligting oor die fees, eredienste ens.) aan ons lidmate deur te stuur. Daar is reeds groepe gemaak. Indien u nog niks van ons gehoor het nie, beteken dit dat ons nie u nuutste selfoonnommer het nie. Kontak ons asb. sodat ons u so gou moontlik op ons stelsel kan kry. Stoor ook asb ons selnommer 072) 204-6057 as kontak op u telefoon.

Voorbidding

Die Bybelgenootskap vra spesiale voorbidding hierdie week vir die volgende lande:

Sri Lanka: Bid vir die suksesvolle hersiening van die Tamil Bybel asook vir die tydige voltooiing en bekendstelling van die Nuwe Testament op die beplande datum. Bid ook vir die nodige befondsing van die geletterdheidsprojek.

Maldive: Bid vir hierdie land waar Christenskap onaanvaarbaar is. Christene hier staar tronkstraf in die gesig indien hulle hul geloof openlik beoefen. Bid dat Christene hier toegang tot Bybels en Bybelmateriaal sal kry en dat die regering vryheid van spraak sal toelaat.

Indië: Krotbuurtbewoners hier is hoofsaaklik migrante wat na die stede kom vir werk en opvoeding. Bid vir ons projek om die lewens van hierdie mense te verbeter, om hulle menswaardigheid terug te gee sodat hul lewensomstandighede kan verbeter.

Bangladesh: Bybels en Bybelgedeeltes help die jeug nuwe metodes leer om Bybelkennis aan ander oor te dra. Bid vir fondse om Bybels en Bybelgedeeltes te bekom asook vir die beskerming van ons kinders wat die boodskap van Christus met toekomstige geslagte moet deel.

"SAKKIE VIR 'N PAKKIE" KOSPROJEK

Die Sakkie vir 'n Pakkie Kosspens is leeg. Kom ons help om hulle spens aan te vul sodat Badisa genoeg kos het om uit te deel. Ons doen 'n beroep op 'n ieder en 'n elk om 'n sakkie by die Kerk, Badisa– of Kerkkantoor te kry, dit te vul met die kositem soos aangedui op die papiertjie in die sakkie en by die twee kantore of in die mandjie in die voorportaal by die kerk te plaas. Kontant kan ook by Badisa inbetaal word.

Vir meer inligting skakel Badisa by tel. 028) 754-2203.

Badisa

BYBELSTUDIE VIR JONG WERKENDES

Hierdie Bybelstudie onder leiding van ds.Vian Louw, vind elke Woensdagaand om 18:00 plaas.

Vir meer inligting hieroor skakel gerus vir ds. Vian by tel. 074) 131-7967.

SAM

SAM weet daar skuil 'n Samaritaan in elkeen van ons.
SAM het jou nodig om Kersgeskenkpakkies te maak vir behoeftige kinders en grootmense.
SAM het jou nodig om 'n ouma of oupa te dêps.
SAM het jou nodig om te kom help om deernispakkies toe te draai.
SAM het jou nodig om sop te kook vir behoeftiges en
SAM vra dat jy lief sal wees vir almal om jou.

Kontak ons gerus by 074) 602-5295 of 061) 077-8106

GEMEENTENUUS / AFKONDIGINGS

U is meer as welkom om weekliks 'n harde kopié van die Gemeentenuus by die Kerkkantoor te kom afhaal indien dit vir u moeilik is om dit elektronies te ontvang. Die Gemeentenuus is reeds vanaf die ***Donderdag*** vóór die Sondag gereed vir afhaal.

GEMEENTEFEES KONTANTBOEKIES TE KOOP

Tydens die Gemeentefees van 7 Oktober 2023 gaan die tafels / stalletjies slegs met kontant werk. Ons is egter bewus van die feit dat al hoe minder mense, vir veiligheidsredes, met kontant rondloop. Daarom het ons besluit om "Kontantboekies" voorraf by die Kerkkantoor te verkoop. Boekies ter waarde van R100, R200, R300, R400 en R500 kan per kaart by die Kerkkantoor gekoop word. Op die dag van die Fees, kan u die boekies gebruik in plaas van kontant. Indien u bv. 'n R20 wil gebruik om iets te koop, dan skeur u slegs 'n R20 kaartjie uit die boekie en betaal daarmee.

Daar is slegs 'n beperkte aantal boekies, so indien u sou belangstel kan u nou reeds u "Kontantboekie" by die Kerkkantoor kom koop.

Bank Besonderhede
Nedbank
Rek. Naam:
N.G. Kerk Stilbaai
Rek. Nr. 1626-522-391

Kerkkantoor Ure
Maandag - Donderdag:
08:00 - 13:00
14:00 - 15:00
Vrydag
08:00 - 13:00

Kerkkantoor Inligting
Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674
Posbus 23, Stilbaai, 6674
Tel nr. (028) 754-1705
Faks nr. (028) 754-2827
Epos: admin@ngkstilbaai.co.za
Webblad: www.ngkstilbaai.co.za

GEMEENTEFEES : 6 – 7 OKT '23

POTJIEKOS

Vrydagaand, 6 Oktober 2023 gaan daar weer heerlike Potjiekos (Skaappot) by die kerk verkoop word. Ons weet daar is uitstekende kokke in ons gemeente en ons het u hulp baie nodig met die voorbereiding van die Potjiekos. Indien u voel om bestanddele te skenk, is u méér as welkom. Die volgende word benodig:

VLEIS, GROENTE, RYS en HOUT

Skakel gerus die koördineerder, ds. Francois Taljaard by 061 460 6404 indien u wil help of 'n skenking wil maak.

POTJIEKOS KAARTJIES

Kaartjies word reeds by die Kerkkantoor teen **R70.00** per ete verkoop.

KLEIN KOEKIES

AANDAG!! AANDAG!! ALLE BAKSTERS!

Hierdie tafel benodig asb. Klein Koekies. Indien u van enige hulp kan wees kontak asb:

Koördineerder: Margaret v. Schalkwyk by 083 612 0574

POEDING

Om die Poedingtafel te laat kreun onder die poedings het ons u hulp baie nodig. Indien u lus is om vir hierdie tafel te help poedings maak, kontak gerus:

Koördineerder: Annelie van Lill by 082 320 3963

Ons benodig ook VLA en leë Roomysbakke.

Hierdie kan u asb. by die Kerkkantoor afgee.

PANNEKOEK

Die Pannekoektafel se mense is opgewonde en sien uit om heerlike pannekoeke vir ons Gemeentefees te bak.

Die volgende produkte word asb. benodig en indien u wil skenk kan u dit asb by die Kerkkantoor afgee.

KOEKMEEL, EIERS, OLIE & SUIKER

Hul soek ook nog BAKKERS, ROLLERS EN STROOIERS.

Kontak gerus die Koördineerder, Erina Bosman by 082 423 9923 indien u van hulp kan wees.

KERRIE & RYS

Ons benodig nog asb. "Kerrie-Kokers"' vir Saterdagoggend se Fees.

Indien u ons kan help, kontak asb. vir Tersia by die Kerkkantoor by 028-754 1705.

Brood & Beskuit

Is *"Deeggebak"* u passie? Ons benodig lekker brode, beskuit of enige vorm van deeggebak vir hierdie feestafel.

Indien u enigsins bereid is om by te dra, kontak gerus die koördineerder: *Annatjie Gericke by 082 929 3716*

GROOTKOEKTAFEL

Ons doen asb. 'n beroep op die baksters om asb. hande te vat met die koördineerder van die ***Grootkoektafel.*** Indien u enigsins gebak kan voorsien, kontak gerus die Koördineerder:

Elsa Oberholzer by 084 677 6773

WIT OLIFANTTAFEL

Daar is nog baie min artikels en daarom doen ons 'n beroep op u om asb. enige bruikbare artikels wat by u huis in u pad is, vir ons na die Kerkkantoor toe te bring. Ons sal baie graag weer 'n vol en interressante tafel wil uitpak!

Kontak gerus die koördineerder vir meer besonderhede: Linda Brandon by 082 787 8237

VETKOEK

Hierdie tafel benodig asb. **KOOKOLIE** en **HULP**.

Kontak gerus die Koördineerder:

Babs de Klerk by 083 941 8449

Hout !! Hout!!

Ons benodig 'n lekker bakkievrag braaihout vir die Fees! Indien u enige los hout het, sal ons dit nét so verwelkom. Kom laai asb. by die kerk af.